‘The Shack’

Teologiese opmerkings oor “The Shack”

Johan van der Merwe

(Leraar Stellenbosch Moedergemeente)

Besprekingsgeleentheid by Helderberg gemeente op

19 Augustus 2009

Formatted: Left: 2 cm, Right: 2 cm, Top: 2 cm, Bottom: 2 cm, Width: 21 cm, Height: 29.7 cm, Header distance from edge: 1.25 cm, Footer distance from edge: 1.25 cm

Deleted: Bybeloggende 2009

Formatted: Space After: 0 pt

Formatted: Font: 18 pt, Italic

Formatted: Normal, Line spacing: single

Formatted: Font: 18 pt

Deleted: *10 en 24 Junie 2009*

Formatted: Font: 20 pt

Deleted:

Formatted: Font: 20 pt

Bespreking in die kleingroepe

- Hoe het dit gekom dat jy die boek begin lees het?
- Wat het jy mense hoor sê oor die boek?
- Wat was vir jou “groen ligte” – maw wat in die boek het vir jou iets beteken?
- Wat was vir jou “oranje of rooi ligte” – maw waaroor wonder jy in die boek?

Inleidende opmerkings

- Ek het ‘n persoonlike belydenis om te maak, twee om die waarheid te sê. Die eerste is dat ek ‘n irrasionele weerstand het teen modegiere en dus teen boeke wat in stapels in boekwinkels lê. Toe ek “The Shack” in stapels sien lê, het ek aanvanklik besluit om dit nie te lees nie. Tweedens het ek ‘n weerstand teen sentimentaliteit en clichés in die algemeen en in die besonder wanneer dit in ons verhouding met God insluip. So wanneer ek geestelike literatuur lees, is ek besonder krities ingestel daarop.
- Uiteindelik, toe ek die boek lees, was ek egter toe aangenaam verras. Ek was verras deur die moed waarmee teologiese temas aangepak is, deur die wyse waarop ernstige

teologiese vraagstukke sinvol gepopulariseer word en hoe dit die leser strek in terme van Godsbeeld en die leser help om "buite die boks" oor God te dink.

- My enigste kritiek teen die boek is bloot subjektief en literêr van aard: die boek was nie vir my literêr-bevredigend nie en vir my persoonlike smaak te sentimenteel. Verder ly die boek vir my soms aan wat ek wil noem "genre-verwarring". Dit is dikwels lesing-agtig (dogmatiese konstruksies word gekommunikeer), maar dit word dan in 'n dialoogstruktuur ingeforseer. Dit is verder onduidelik of dit fantasie (á la "Lord of the Rings", "Chronicles of Narnia") wil wees, of dit nie-fiktief wil oorkom, of dit allegories wil wees. (Hoofstuk 15 is vir my literêr die mees onbevredigende waar die verhaal byna meta-metafories wil wees. Ek kan ook verstaan dat hierdie hoofstuk mense wat vreesagtig is oor die "New Age", hierdie hoofstuk met sy "auras" minder verteerbaar vind!)

- Hoewel ek dus respekvol van Eugene Peterson wil verskil dat hierdie 'n klassieke werk in die orde van "The Pilgrim's Progress" kan wees, dink ek die boek is uiters waardevol om ons denke oor God te verryk. Toe ek sien watter felle reaksie vanuit sekere kerklike kringe losgekom het oor die boek (met gereelde beskuldigings van "ketters" en "onbybels"), het ek besef dat die skrywer hier buite die grense van enger en tradisionele denke oor God beweeg het en dat dit mense aanspreek wat nie meer modernisties-teïsties (tyd-ruimtelik) oor God kan dink nie. Weg is eenvoudige oorsaak-gevolg denke, predeterministiese denke oor God, straf-redding pole, hemel-en-hel digotomieë. Dit het my mateloos beïndruk!

Teologiese temas

1. God en lyding

Comment [Reviewer1]: P 222 opsommende paragraaf.

- Die klassieke "teodisee-vraagstuk" se tema word goed aan die orde gestel:

  (i) hoe kan God tegelyk liefdevol en almagtig wees?

  (ii) hoe regeer God en moet ons dus sy almag verstaan?

Comment [JvdM2]: 1.Kan God 'n klip maak wat so groot is dat Hy dit self nie kan optel nie.
2.God regeer met sy liefde.

- Vrye wil is deel van God se skepping, omdat liefde en verhouding nie geforseer kan word nie. Die uitoefening van vrye wil teen God het verreikende implikasies en 'n uitkringende rimpeleffek.

- Mens kan dus teen God kies, maar ware vryheid beteken wel "om by God te bly".

Comment [Reviewer3]: Abra ham Lincoln – in daardie geval, wil ek by u bly.

- God gryp nie in deur natuurwette op te hef sodat slegte goed nie kan gebeur nie.

(i) Die vraag is enersyds hoe konsekwent die skrywer hiermee is.

(ii) Andersyds is die vraag of hierdie 'n deïstiese standpunt is? Met ander woorde God het die skepping soos 'n horlosie opgewen, en kyk nou maar net onbetrokke toe hoe dit afwen. Dit beslis nie in "The Shack" nie. God is intensief betrokke by sy skepping in hierdie boek.

- Die rol van gebed is dus klaarblyklik nie om God se arm te draai nie, maar om myself met sy wese te belyn en in verhouding met God en ander te groei.
- God het nie "'n doel" met alles in 'n predeterministiese sin nie. Hy is nie 'n Super-ingenieur nie, maar eerder soos 'n kunstenaar wat uit enigiets die goeie na vore kan bring. Dit sou 'n vraag wees of dit Hom nie aan die ander kant passief en "post-deterministies" voorstel nie?
- Oor die voorkennis van God sou mens ook baie kon sê. Indien aan God (soos die skrywer) as 'n bestaan in die "ewige teenwoordige tyd" gepraat word, is die begrippe voor- en na-, pre- en post in elk geval nie relevant nie.
- Die skrywer help ons om die vrae beter te vra. Nie: Wat is die sin van my lyding? Wel: Wie is saam met my in my lyding? En: Watter sin kan God en ek sáám aan my lyding gee?
- Die enigste antwoord op lyding is dus nie stelling-antwoorde nie, maar die "Antwoord", d.w.s. die Weg, die Waarheid, die Lewe, waarmee ek in verhouding tree en leef.
    - Die geloof is dus nie ingestel op wins vir my nie, maar is daar omdat God daar is. Geloof is ook nie spiere wat bult om dinge te doen nie, maar oë wat God wil sien en wil vra "what is God up to in this situation".

2. Godsbeeld

- Ons kan nie werklik suksesvol "talig" oor God as "buitetalige" werklikheid praat nie.
- God maak dit egter vir ons moontlik om metafories oor Hom te praat. Metafore is altyd baie sensitief vir konteks en agtergrond. Dit is dus belangrik dat God self ons metafore van Hom voortdurend moet versteur, want in elke metafoor moet ons kan sê "soos" en "nie soos".

(i) "Images of the Holy easily become holy images – sacrosanct. My idea of God is not a divine idea. It has to be shattered time after time. He shatters it Himself. He

Comment [JvdM4]: P 190 vs p 185

Comment [Reviewer5]: Tot hier het ons in sessie een gegaan. Revisit vinnig vrye wil en sistemiese rimpels as kumulatiewe effek van vrye wilsuitoefening teen God se droom vir sy skepping.
VANUIT DIE VRAE MOET BYGEWERK WORD:
•MAG GOD VOORGESTEL WORD NAV EKS 20
•DIE UITBEELDING VAN DIE DRIE PERSONE, VERAL HG
•DIE POSISIE VAN WYSHEID
•NAAM VAN DIE HG SARIYA
•ANYTHING GOES? NEE, BYBEL GEE GRENSE AAN.

Comment [JvdM6]: Vgl CS Lewis "Ah, good news, I think, Harry. Yes, good news." "I know how hard you've been praying. Now, God is answering your prayer." "That's not why I pray, Harry. I pray because I can't help myself. I pray because I'm helpless. I pray because the need flows out of me all the time, waking and sleeping. It doesn't change God; it changes me."

Comment [Reviewer7]: Daar verloor p 99 bietjie – Adam het op sy eie gegaan "as we knew he would".

Comment [Reviewer8]: Ex 20 se beeldeverbod het dit teen die fiksering van God en pogings om Hom te manipuleer.

is the great iconoclast. Could we not almost say that this shattering is one of the marks of His presence? The Incarnation is the supreme example; it leaves all previous ideas of the Messiah in ruins. And most are 'offended' by the iconoclasm; and blessed are those who are not. But the same thing happens in our private prayers." CS Lewis

(ii) Prayer has much to do with imagining. When I bring myself into the presence of God, I am imaging God in many ways: as a loving father, a supporting sister, a caring mother, a severe teacher, an honest judge, a fellow traveler, an intimate friend, a gentle healer, a challenging leader, a demanding taskmaster. All these "personalities" create images in my mind that affect not only what I think but also how I actually experience myself. I believe that true prayer makes us into what we imagine. To pray to God leads to becoming like God. Henri Nouwen

(iii) Saying good-bye to one kind of sub-Christian God will be part of the process. Robert Butterworth

3. Die Triniteit word interessant voorgestel

- Die rede vir die Triniteit is verhouding – God kan nie "liefde" wees as God nie "verhouding" ken nie.
- Ten regte word 'n modalistiese triniteitsleer afgewys: God is nie dieselfde persoon wat maar net drie rolle vervul nie. Volgens die *una substantia tres personae* formulering sou mens wel 'n beeld soos water, ys en stoom kon gebruik om iets van die Triniteit te verduidelik.
- Die vermenging van die Vader/Moeder beeld van God is baie effektief. God ontmoet vir Mack in die gedaantes waarin hy Hom nie verwag nie, maar wat vir hom bevrydend is.
- Die Gees word inderdaad as die Gees van Christus voorgestel. Die Gees funksioneer dus nie afsonderlik van Christus nie – enige "second blessing" of verkeerde verstaan van die "doop met die Heilige Gees" word dus uitgesluit. Die Gees as kreatiwiteit, asem van God, word goed voorgestel.
- Die hantering van die vermenging van eienskappe (die sg *communicatio idiomatum*) word heel goed hanteer. Die drie persone van die Triniteit (en gepersonifieerde wysheid daarby) het dieselfde kennis, wese en doel. Net Jesus het egter die menslike natuur. Hoewel die Vader en die Heilige Gees in die Bybel antropomorf (met menslike

Comment [Reviewer9]: Hier mee stel God Homself kwesbaar. All love and relationship is possible for you ONLY because it already exists within Me, within God Myself. I am love. - 101

Comment [Reviewer10]: P 85 – "we is"; p 87 which one is God "I am" sê al drie gelyk.
Die giggelry spreek my nie aan nie.

Comment [Reviewer11]: Kle m op die versorgende, beskermende, omgee kant van God.
"Hy" is nie wit nie, ook nie 'n "hy" nie. Doel is p 93 to mix metaphors to not fall back into religious conditioning.

Comment [Reviewer12]: Re geer met sy liefde, dit gaan oor vertroue.

Comment [Reviewer13]: Jes us: Die keuse om te sterf word sterk beklemtoon. Meer as die forensiese verlossingsleer kom egter ter sprake – die volledige identifikasie met menswees!
Ipv die skepping verdoem, rol God moue op en word deel daarvan p 99
Jesus was 'n afhanklike, beperkte mens wat volledig mens was (en tog nie ebionities nie). Glimpse van adopsianisme.

Comment [Reviewer14]: P 110 She is creativity, action, breathing of life, SHE IS MY SPIRIT. Sarayu beteken wind. Keuse vir 'n Oosterse persoon.

Comment [JvdM15]: Soos 'n sax solo. Unpredictable, p 128
P 131 maak gereed, haal uitmekaar uit, berei voor – in die tuin.

Comment [Reviewer16]: See her out of the corner of his eye p 84. She collects tears.

Comment [Reviewer17]: Be halwe dat Papa ook wonde aan die polse het. DRIEHOEK prentjie.

eienskappe) voorgestel word, maak dit egter die beliggaming van die Vader, Gees en Wysheid problematies.

Comment [Reviewer18]: So phia is die verpersoonlikheid van God (Papa) se wysheid – spreuke (p 171).

4. Ander temas

- Rudolf Otto het die "Heilige" beskryf as die *mysterium tremendum et fascinosum* – die Geheimenis wat mens beide laat sidder en fassineer. Die boek konsentreer meer op die fassineer-kant en die verhoudingskant en onderspeel die ervaring van die Heilige en die "gans andersheid" van God, hoewel dit vermeld word.

- Wat sonde, straf en oordeel betref, word oordeel meer verstaan as die konsekwensies van sonde, of dit wat sonde as die inherente verwydering van God (ek wat wegbeweeg, nie God nie!) aan my doen. ("Sin is its own punishment"). Daar is nie 'n oorsaak-gevolg teorie hier nie, wel konsekwensies van dade en lyding as konsekwensie van keuses oor geslagte en die wêreld heen.

Comment [Reviewer19]: P 120

Comment [JvdM20]: Opperm an: "Aan jou dade grens 'n ewigheid."

- Die Bose word nie personifieer nie. Hel is om weg van God te wees. Hemel is nie 'n plek nie, maar 'n herinrigting van die Skepping se verhouding met God. Vanuit ons onderskeie verhoudings met God en God as liefde en as verhouding in trinitariese aard kan ons ook verhouding met mekaar in die ewigheid behou. Die voorstelling daarvan in hoofstuk 15 (as auras) is egter vreemd.

Comment [JvdM21]: P 136 NB – die duiwel as 'n gat?

Comment [Reviewer22]: P 177 'n prentjie van die verhouding tussen Jesus en die kerk, en die reiniging van die ganse skepping.

- Op 'n persoonlike vlak word die rouproses en die effek op geloof (as "dark night of the soul" of "the wall") goed beskryf. Die eerlike verhouding met God (waarin ek soos die Psalmdigters ook my frustrasies en woede kan lug) word goed uitgebeeld.

Comment [JvdM23]: Vgl ook Lewis se a grief observed.

Comment [Reviewer24]: Ek het hierdie gesprek dogmaties aangepak, mens sou dit ook pastoraal kon aanpak.
Die rol van vergewe is baie sterk – Mack kan net vry word as hy leer vergewe.

- Die skrywer word uit sommige oorde beskuldig daarvan dat hy anti-kerklik is. Sy afwysing van "godsdiens" en "ritueel" wys hierheen. Sy hantering van die "Bruid van Christus" (die kerk) wys egter dat hy dit nie teen "tradisie" het nie, maar teen "tradisionalisme". "Tradition is the living faith of the dead; traditionalism is the dead faith of the living!" (Pat Kiefert)

Comment [JvdM25]: Nog nice goed:
- God is a verb
- Reconciliation a two way street – dus nie heeltemal universalisties
- Rules/relationships p 198
- Accept that you are accepted
- Forgiveness

Comment [Reviewer26]: Bie tjie panteïsme op p 198?
Relationship vs rules p 198. Rules will not give you answers to the questions of the heart and they will never love you.
God as verb en nie as noun!!!

-